Hoërskool Marais Viljoen High School

1 Februarie 2019
Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 3 (2019)

1. VALENTYNSDAG

Die Valentynsdans sal op Saterdag, 16 Februarie, plaasvind. Die kaartjiepryse sal nader aan die datum bekendgemaak word. Ons sal ook ‘n sivviedag op Donderdag 14 Februarie hê, Almal word gevra om rooi aan te trek. Die kostes daaraan verbonde , sal dan ook soos gewoonlik, R10 wees.

2. EERSTE KWARTAAL TOETSSIKLUS

Leerders het reeds ‘n toetsrooster vir die eerste kwartaal ontvang. Die toetssiklus het alreeds vandag begin. Leerders moet vroegtydig voorberei.
Op ‘n toetsdag sal daar verkorte periodes wees om al die periodes vir die dag te laat plaasvind
Op sommige dae word daar twee toetse geskryf, dan sal daar ook ‘n paar periodes klas wees, tensy anders aan die leerders deurgegee word.

3. WISKUNDE EKSTRA HULPKLASSE

Ekstra Wiskundeklasse vir graad 8 en 9 word elke Dinsdag- en Donderdagmiddag van 14:15 – 16:00 deur mev. Hall in kamer 57 aangebied.

4. HULPKLASSE ALLE VAKKE

U word daaraan herinner dat alle personeel op Maandae tot 15:15 beskikbaar is vir enige hulp wat leerders in ‘n vak benodig. Leerders moet asb. gebruik maak van die geleenthede.

5. PULLOVER

‘n Pullover is vir elke seun verpligtend. Indien ‘n leerder nie sy pullover dra nie, mag mev. Heystek, Dr. Krause en mnr Müller vir die leerder 50 strafpunte gee.

6. AFWESIGHEID VAN BYEENKOMSTE

Indien ‘n leerder veronderstel is om ‘n byeenkoms by te woon, maar dit nie kan doen nie, moet die ouer se brief wat die saak verduidelik alreeds die dag **voor die byeenkoms** aan die voogonderwyser gegee word.
Slegs doktersbriewe sal die dag na die byeenkoms aanvaar word, geen briewe van ouers af nie.
Alle kaartjies wat ingehandig moet word vir byeenkomste bygewoon, moet die dag na die byeenkoms afgehandel word.

7. AFWESIGHEID

Indien ‘n leerder afwesig was, moet hy/sy onmiddellik nadat hy/sy terugkeer skool toe, ‘n brief, wat deur een van die ouers geskryf en geteken is, by die voogonderwyser inhandig.
Indien ‘n leerder tydens ‘n toets/ eksamen/ SBA afwesig is, moet ‘n mediese sertifikaat die dag wanneer hy/sy terugkom, ingehandig word. Indien nie, sal ‘n nul toegeken word.
Indien ‘n leerder afwesig is, is dit sy/haar eie verantwoordelikheid om die werk in te haal.

8. PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag 4 Februarie	2 Toetse Hulpklasse : Gr 8 – 12 Gholfproewe Revue oefening	 14:15 – 15:15 18:00 – 21:00	 Glenvista
Dinsdag 5 Februarie	Atletiek: Aflosbyeenkoms Wiskunde ekstra hulpklasse: Gr. 8 en 9 Hokkie: Seuns Tennisliga: Meisies Revue oefening	 14:15 – 16:00 18:00 – 21:00	Holy Rosary Reddam
Woensdag 6 Februarie	Graad 12: 8ste periode (K1) Atletiek: Top 15 Hokkie: Meisies Revue oefening	14:15 – 15:00 18:00 – 21:00	 UJ Reddam
Donderdag 7 Februarie	Graad 12: 8ste periode (K2) Top 10-funksie Wiskunde ekstra hulpklasse: Gr. 8 en 9	07:00 – 07:40	 Saal
Vrydag 8 Februarie	Toets Atletiek: Verpligtend vir graad 8's Tennisliga: Seuns Swemgala		 Sasolburg Randburg

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF **LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING**